# Die Wet & Die Evangelie

liginduisternis.com

# DIE WET EN DIE EVANGELIE

# Die Wet & Die Evangelie

Dit is die werk van bekering en heiligmaking om die lewens van mense in ooreenstemming met die beginsels van God se wet te bring. In die begin is die mens in God se beeld geskape. Hy was in volkome harmonie met die natuur van God en Sy wet; die beginsels van geregtigheid was op sy hart geskryf. Maar sonde het hom van sy Skepper vervreem. Hy het nie meer die goddelike beeld weerkaats nie. Sy hart was in opstand teen die beginsels van God se wet.

*"Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie."*

**Romeine 8:7.**

Maar

*"so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,"*

**[Johannes 3:16]**

om die mens met God te versoen. Op grond van die verdienstes van Christus kan hy weer in harmonie met sy Skepper gebring word. Sy hart moet deur goddelike genade vernuwe word; hy moet 'n nuwe lewe van omhoog ontvang. Hierdie verandering is die wedergeboorte, waarsonder, sê Jesus,

*"hy die koninkryk van God nie kan sien nie."*

**[Johannes 3:3]**

Die eerste stap tot versoening met God, is 'n oortuiging van sonde.

*"Want die sonde is wetteloosheid. [Die breking van die wet]"*

*"Deur die wet is die kennis van die sonde."*

**1 Johannes 3:4. Romeine 3:20.**

Ten einde sy skuld te besef, moet die sondaar sy karakter aan God se groot maatstaf van geregtigheid toets. Dit is die spieël wat die volmaaktheid van 'n regverdige karakter weerkaats en dit stel hom in staat om sy eie gebreke te sien.

Die wet openbaar aan die mens sy sondes, maar dit kan nie die sonde wegneem nie. Terwyl dit lewe aan die gehoorsames belowe, verklaar dit dat die dood die deel van die oortreder is. Die evangelie van Christus alleen, kan hom vrymaak van die veroordeling en die besoedeling van sonde. Hy moet hom tot God, wie se wet hy oortree het, bekeer; en hy moet geloof in Christus, sy soenoffer, hê. Op hierdie manier word die sondes wat hy vantevore gedoen het,

*"ongestraf laat bly"*

**[Romeine 3:25]**

en word hy 'n deelgenoot van die goddelike natuur. Hy is 'n kind van God, omdat hy die Gees van aanneming ontvang het, waardeur hy roep:

*"Abba, Vader!"*

**[Romeine 8:15]**

Staan dit hom nou vry om God se wet te oortree? Paulus vra:

*"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet."*

*"Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?"*

**Romeine 3:31; 6:2.**

En Johannes sê:

*"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie."*

**1 Johannes 5:3.**

In die wedergeboorte word die hart, namate dit in harmonie met God se wet gebring word, ook in ooreenstemming met God gebring. Wanneer hierdie groot verandering in die sondaar plaasgevind het, het hy van die dood tot die lewe oorgegaan, van sonde tot heiligheid, van oortreding en rebellie tot gehoorsaamheid en getrouheid. Die ou lewe van vervreemding van God is beëindig; die nuwe lewe van versoening en geloof en liefde het begin.

Die

*"reg van die wet"* sal dan *"vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees"*

**Romeine 8:4.**

Dan sal die siel uitroep:

*"Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag."*

**Psalm 119:97**

*"Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel."*

**Psalm 19:8**

Sonder die wet, het die mens nie 'n regte begrip van die reinheid en heiligheid van God of van hulle eie skuld en onreinheid nie. Hulle het geen ware oortuiging van sonde en ook geen behoefte aan bekering nie. Omdat hulle nie hul verlore toestand as 'n oortreder van God se wet besef nie, besef hulle ook nie hul behoefte aan die versoenende bloed van Christus nie. Die hoop op saligheid word aangeneem sonder 'n radikale verandering van die hart of 'n hervorming van die lewe. Daarom is daar 'n oorvloed oppervlakkige bekerings en menigtes wat nog nooit met Christus verenig het nie sluit by die kerk aan.

Die begeerte na 'n maklike godsdiens wat geen stryd, geen selfverloëning, wat geen versaking van die dwaashede van die wêreld verg nie, het die leerstelling van geloof, en geloof alleen, 'n populêre leerstelling gemaak; maar wat sê die Woord van God? Die apostel Jakobus sê:

*"Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie? . . . Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? . . . Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?*

**Jakobus 2:14, 20-22, 24.**

Die Woord van God getuig teen hierdie gevaarlike leerstelling van geloof sonder werke. Om die guns van die hemel te eis sonder om die voorwaardes waarop die genade geskenk is na te kom, is nie geloof nie; dit is aanmatiging, want egte geloof is gegrondves op die beloftes en voorwaardes van die Skrifte.

Laat niemand homself bedrieg met die geloof dat hy geheilig kan word terwyl hy moedswillig een van God se gebooie oortree nie. Die beoefening van 'n bekende sonde maak die stem van die Gees stil en skei die siel van God.

*"Want die sonde is wetteloosheid. [ Die breking van die wet]"*

**1 Johannes 3:4.**

En

*"elkeen wat sondig [die wet breek], het Hom nie gesien nie en Hom nie geken nie."*

**1 Johannes 3:6.**

Hoewel Johannes in sy briewe so veel oor liefde gesê het, aarsel hy nie om die ware karakter van diegene te openbaar wat aanspraak op heiligheid maak terwyl hulle in stryd met God se wet lewe nie.

*"Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword."*

**1 Johannes 2:4, 5.**

Hier is die toets vir elke mens se belydenis. Ons kan nie heiligheid aan enige iemand toedig sonder om hom aan God se enigste maatstaf van heiligheid in die hemel en op die aarde te meet nie. As mense nie die erns van die sedewet besef nie; as hulle God se gebooie verkleineer en veronagsaam en

*"een van die minste van hierdie gebooie breek en mense so leer, sal [hulle] die minste genoem word in die koninkryk van die hemele"*

**[Mattheüs 5:19]**

en ons weet dat hulle aansprake sonder fondament is.

Die aanspraak op sondeloosheid is op sigself bewys dat die persoon wat dit maak, baie ver van heilig is. ’n Persoon wat so ’n aanspraak maak het geen besef van die oneindige reinheid en heiligheid van God nie of van wat diegene moet word om in harmonie met Sy karakter te kom nie; omdat hulle nie ’n ware begrip van die reinheid en verhewe heerlikheid van Jesus en van die afskuwelikheid van die sonde het nie, beskou hulle hulleself heilig. Hoe groter die afstand tussen hulle en Christus, hoe minder besef hulle wat die goddelike karakter en vereistes is en hoe heiliger sal hulle in hulle eie oë wees.

*Hierdie klein traktaatjie kom uit die boek, "Die Groot Stryd".*

*Indien jy 'n kopie van "Die Groot Stryd" soek of dalk net hierdie traktaat, kontak ons gerus deur ons webtuiste.*

*Of stuur jou versoek na ons e-pos adres: liginduisternis@gmx.com*